Meer as blote brood en wyn

Teksgedeelte: Johannes 6: 41 - 59 & Sondag 29
Teksvers: Johannes 6: 55

1. Inleiding

’n Paar jaar gelede gee ’n jong man homself oor aan die polisie hy sê dat hy moeg is om mensvleis te eet. Destyds stuur dit skokgolwe deur die land. Almal verneem met afgryse van hierdie kanabalistiese aktiwiteite. Sien vir ons as mens is die idee van eet of jy word opgeëet vreemd en word ook natuurlik ten sterkste veroordeel en afgekeer. In lyn met die beskerming van menslike lewe onder die 5de gebod moet dit dan ook so wees. Selfs in vandag se moderne samelewing waar diere en plante lewe skynbaar meer regte a menslike lewe geniet, eet ons ten minste darem nog nie mekaar. Wel ten minste nie letterlik nie.

Maar dan is ons skielik die uitspraak van Christus in Johannes 6. Jesus hou vol by die mense dat Hy die brood van die hemel is volgens ons teksvers. En die daarop volgende vers stel dit duidelik dat Hy van sy volgelinge verwag om Sy vlees te eet en Sy bloed te drink sodat hulle waarlik deel aan Hom kan hê. Daarby weet ons vandag as Nuwe Testamentiese gelowige hoe belangrik die sakrament van die Nagmaal is. Juis waar ons ook die voorreg het om dit volgende Sondag te kan gebruik. En soos ons vandag in Sondag 29 sien bly die Kategismus ook voortdurend hammer op die brood as Christus se liggaam en die wyn as sy bloed. Maar wat bedoel ons eintlik met die liggaam en bloed van Christus?

2. Die honger

Dit is duidelik dat hier geestelike en fisiese elemente betrokke is. Maar kom ons begin by dit wat ons vandag in ‘n geestelik afgestomde wêreld goed ken. Kom ons begin by die fisiese, of vleeslike soos die word van die Here daarna verwys. En in die fisiese werklikheid verstaan ons so ietsie van honger. Ja, genadiglik het ons nog nooit daardie hongersnood wat jou uiteindelik sal laat sterf aan die liggaam beleef nie. Maar ons weet dat indien die vorige maaltyd, lank gelede was voel ek nie lekker nie. My bloedsuiker val en kop begin draai. Daarby is daar dikwels ook emosionele uitbarstings betrokke. Uiteindelik is n intense fisiese honger ook iets wat mense dryf om reg en geregtigheid te laat vergeet. Om letterlik te gaan steel of selfs dood te maak vir kos.

Maar die fout wat ons maak is om vas te hak by die fisiese. Want ons is al so geïndoktrineer deur Ateïstiese wêreldbeelde om ons, dat ons ook van die geestelike vergeet. Die ou leen van wat jy nie kan sien nie kan jy tog nie glo nie. Wat vandag uitgeleef word in al wat belangrik is, is kos in die maag, selfs al is die geestelike boos, korrup of selfs dood. Tog is die geestelike nooit werklik dood in ‘n mens nie. Dit is lewend en dit is ook honger, en die bose kan nie wag om dit te kom voed nie.

Maar dan sien ons in ons teksvers waar die ware voedsel is. Die enigste voedsel wat waarlik die voedingswaarde het om ons siel te voed. “ [55]My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank “. Ons geestelike, ons siel kan net gevoed word deur die brood wat uit die hemel kom. Want Jesus is nie maar net eenvoudig die aardse Seun van Maria en Josef van Nasaret nie. Hy is die Here, ons enigste verlosser. En die geestelike honger in mense sal nie gestil kan word deur enige iets anders nie.

3. Die een word

Maar dit is dan juis hier waar die genade lê. Ons Here, Jesus Christus kom gee hierdie brood van die lewe aan ons. Sien waar ander vals gelowe, ’n pad of ideologie aandui. Waar hulle mense in ’n rigting wys wat hulle uiteindelik, self op eie krag moet volg, is die nie so met die Here nie. Hy kom self as brood uit die hemel en bied sy kosbare liggaam vrywillig as offer vir ons sondes aan.

Sien dit kan ook beter verstaan word deur op die fisiese te fokus. Ons almal weet harde werk en oefening vat energie uit die liggaam. En ons weet as jy hierdie energie nie terugplaas deur voedsel met die regte voedingswaarde nie, kom daar probleme. ’n Mens word swak en siek. Die sonde het ons liggame se uitgemergel. Want die bose vat alles wat hy kan kry. En wanneer iemand die leuen van die bose aanhang sal hy/sy ook alles prysgee vir die leuen. Maar dan kom die Here, Jesus Christus en Hy voed ons geestelike wanvoeding met die ware brood en wyn van Sy liggaam.

En dit is dan juis hier waar die besondere teken en seël van die elemente van die nagmaal ook lê. Die wanvoeding in mens kan nie opgelos word deur net van ’n gesonde dieët te hoor nie. Of om maar net daarna te kyk nie. Nee dit moet geëet word, sodat die voedings waarde deel word van die liggaam. Dit is dieselfde met die brood uit die hemel. Ons kan nie maar net van Jesus weet nie. Ons moet deur die geloof geestelik die offer eet wat vir ons gebring word. Want dan het ons deel aan die Here Jesus Christus. Dan is Verlossing wat Hy aan die kruis verwerf het ook vir my. Dan is dit soos vers 56 sê: "[56]Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.” Dit is juis hierdie diepte van een woord wat ook met die brood en wyn aan ons geopenbaar word.

4. God se voorsienigheid.

Die laaste diepte in hierdie brood en wyn lê in die vergelyking met dit wat die jode geken het. Hulle het geweet uit die Ou Testament dat die Here brood, manna uit die hemel voorsien het aan die mense wat in die woestyn was. Hulle het ook geweet dat hierdie manna meer as net ’n bederf was. Dit was die lewenslyn wat hierdie mense in die geharde woestyn omgewing aan die lewe gehou het. En dit was absolute 100% ’n genadegawe uit die hand van die Here.

Dit is dieselfde met ons geestelike voeding in die Here Jesus Christus. Dit is absoluut die voorsienigheid van God. Ons as mense is so sondig. Ons kan dit nooit verdien nie. Ons het eintlik maar net die ewige fisiese dood verdien, omdat ons alreeds geestelik dood was. Daarom koppel Jesus natuurlik homself as die brood van die hemel met hierdie manna. Maar dan laat Hy wel die klem val in vers 58, dat die mense wat die manna geëet het tog weer honger geword het. En tog op die einde gesterf het.

Maar met die ware geestelike brood uit die hemel is dit nie so nie. Wanneer ons gevoed word met die vlees en bloed van ons Here Jesus Christus, sal ons ewig lewe. Want die sonde en die dood is finaal oorwin. Maar uiteindelik is ons redding en verlossing niks anders, as die voorsiening van God nie. Dit is nie iets waarvoor ons kan werk, of verdien nie. Ons moet dit net in genade aangryp en uitleef.

5. Slot

Ons kan vandag se prediking met die volgende afsluit. Ons het vandag gefokus op voeding. Beide fisies en geestelik. En met dit in gedagte kan ons terugkeer na die eienaardigheid in die inleiding. Die eienaardige konsep van die Here eet soos voedsel. Maar in die preek het ons gesien, dat dit ons oordrewe klem vandag op fisiese is, wat vir ons probleme skep.

En dit is dan juis die diepte van die brood en wyn tydens nagmaal. Dit is tekens en seëls, gewigtige tekens en seëls van die ware geestelike brood uit die hemel. Hierdie brood is natuurlik ons Here Jesus Christus. Hy is die brood wat ons geloof kan lewendig maak en lewendig hoe met die regte voedingswaarde.

Dit alles laat natuurlik by my en jou vanoggend die ongemaklike vraag. Hoe lyk my geestelike lewe. In daar ook in my lewe ’n heeltemal ongebalanseerde fokus op die fisiese. Want ons moet weer vanoggend onthou dat geen fisiese voedsel mak nie saak hoeveel of ryk dit is nie, ooit ons geestelik honger sal kan stil nie. Dit is maar net die brood van die Hemel, ons Here Jesus Christus wat werklik ons geestelike honger kan stil. Daarom moet ons vanoggend weer opnuut op ons knïee gaan en bid vir ons daaglikse brood ook in die geestelike sin daarvan.

Amen